BRONBERG
RETIREMENT ESTATE
AFTREELANDGOED

# Brokkies & Snippets

**Nuusbrief / Newsletter** 2026/02

## Tannie Annatjie Wessels word 96




Anna Maria Barendina Wessels is op 10 Desember 1929 gebore en het op 'n plaas naby Dullstroom grootgeword. Die plaas se naam was Stillerus en die naam van die distrik Tonteldoos as gevolg van 'n tonteldoos wat daar in die spruit geval het.

Annatjie, soos ons haar almal ken, is absoluut 'n engel uit die hemel. Sy straal die liefde van Jesus uit en almal in Bronberg is baie lief vir haar. Elke jonger vrou kyk op na die statige 96-jarige dame wat altyd uitgevat is met die smaakvolste klere. Sy behandel elke mens met deernis en daar is altyd 'n glimlag op haar fynbesnede gesiggie.

Wat haar nog meer besonders maak, is haar geheue wat nog so helder is. Haar graad 1 versies sal sy sommer gou-gou voordra en dan sien jy 'n mens wat haar hele lewe positief was en nog steeds is:

"As ek vir my oupa gaan kuier, vertel hy sy stories vir my
Ek sit op sy skoot… My oë word groot
Ek kon nog nooit genoeg daarvan kry
As Oupa so sê, dan weet ek dit is so
As Oupa so sê, dan kan ek dit glo
As Oupa só sê, dan weet ek dis waar
Want Oupa is darem al 70 jaar."

Tannie Annatjie is net so wys soos die verse wat sy voordra. Al is sy lankal verby die sewentig jaar, is sy altyd gereed met 'n bietjie raad. As jong meisie was sy in verskillende skole. Dit het nie altyd so maklik met haar gegaan toe sy jonger was en soms vir maande in die hospitaal opgeneem is nie. Sy was baie sportief en het aan atletiek en netbal.

Sy is later met Andre Wessels getroud en het by 'n groothandelaar rakende medika-

**Belangrike Telnrs. / Important Tel. Nos.**

*Ambulans, Brand / Ambulance, Fire*
086 010 1214

*Instandhouding (na-ure noodnr.) / Maintenance (after hours emergency no.)*
076 493 9475

*Sekuriteit / Security*
9911
060 711 3315

**Mediese noodgevalle / Medical emergencies:**

*Sorgeenheid (na-ure) / Frail Care (after hours)*
2009 / 2010
010 007 4154/5
071 568 1450

*Oordverpleegster (Maandag—Vrydag) / Village Nurse (Monday—Friday) 08:00—16:00*
2012
065 595 5505

*Maatskaplike Werker / Social Worker*
2013

*Ontvangs / Reception*
2000 / 2001
010 007 4160

*Kombuis / Kitchen*
2003 / 2004
*(WhatsApp: 074 952 1515 — nie op Donderdae of Saterdae nie / not on Thursdays or Saturdays)*

*Haarsalon / Hair Salon*
2006
081 515 9115

*Skoonheidsalon / Beauty Salon*
2007

*Kiosk*
2005

*Wassery / Laundry*
9913

*Oordbestuurder / Estate Manager*
2002

## Tannie Annatjie word 96 (Vervolg)

sie gewerk. Sy het 2 kinders, 4 kleinkinders en 8 agterkleinkinders. Sy praat met soveel liefde van hulle en haar fyn gesiggie straal as sy net 'n bietjie met haar talentvolle kinders wil spog.

Vandag is sy alleen by Bronberg, nadat haar man oorlede is. Sy is die enigste oorlewende van 10 kinders. Sy het in 2020 na Bronberg verhuis. Haar liewe geaardheid en vrolike geselsies het haar gou by die ander inwoners bemind gemaak. Sy is baie gelukkig hier en is lief vir brei en lees. Sy het 'n paar intieme vriendinne wat daagliks by haar kuier en hulle klets en lag te heerlik. Dié vriendinne help altyd mekaar as een olik voel. Tannie Annetjie het geval en haar knie en elmboog beseer. Alet was dan gou by om haar te help aantrek. Selfs in sulke moeilike tye is haar sagte glimlag altyd daar.

'n Ander versie wat haar liefde vir ons Hemelse Vader en haar kennis van die Woord bewys, is "Genesis". As ons so saam met Bybelstudie sit, is sy altyd die ene oë en ore. So nou en dan hoor jy net die fyn stemmetjie vra... "Maar Dominee, dink jy nie..." of as Dominee 'n vers begin aanhaal in die Bybel, dan voltooi sy dit. Wat 'n lieflike mens!

Sy dra met soveel selfvertroue haar versie oor Genesis voor:

"As ek so na die aarde kyk, kan ek nie verstaan
Dat alles so pragtig lyk en waar kom dit vandaan?
Wie het dit so mooi gemaak? Hoe het dit begin?
Lees die boek van Genesis. Die Antwoord staan daarin."

Tannie Annetjie jy is vir almal soos 'n ma. Jy is 'n voorbeeld waarna ons almal streef.

Mag die Vader jou bewaar, sodat ons nog by jou kan leer
By Bronberg is almal lief vir jou en is jy 'n lieflike geur.

*Mattie Rall (3155)*

**HELPENDE HANDE
EN
GEMOEDSRUS-RITTE**

**Ek bied betroubare vervoer na:**


Dokters, hospitale, winkels, lughawens, of enige plek waar jy ookal wil wees.
*Kwotasie op aanvraag.*

**Ek doen ook klein huisherstelwerk:**

TV-opstellings, TV-probleme, vervang van ligtoestelle en gloeilampe, ophang van portrette en gordyne, installering van gordynrelings, herstel van slotte, herstel van glasskuifdeure, of enige ander handewerk.

Laat weet vir my hoe ek kan help.
Kontak Murray op **083 589 9142**

**Fanie van Wyk**, Brokkies se vorige redakteur, het op Sondag **25 Januarie 2026** sy 95ste verjaarsdag gevier. Namens al die inwoners en bestuur van Bronberg, wens ons hom 'n geseënde nuwe lewensjaar toe.



## Spore van Hoop

**"Bummer Lambs"** (Johannes 10:11)

***"Ek is die goeie Herder"***

"Bummer lambs" is afgekeurde, wees skaaplammertjies. Hulle is lammers wat deur hulle ma verwerp en weggegooi word. Hulle loop met hangende koppe en sterf van honger of gebrokenheid. Hulle kan slegs oorleef as iemand ingryp en vir hulle sorg. Die herder moet hom huistoe neem, versorg en voed, hom warm hou teen sy hart. Wanneer die lam sterk is, word hy weer in die trop geplaas. Wanneer die trop geroep word, kom hy altyd eerste. Hy herken die herder se stem en vertrou hom.

Baie van ons is sulke "bummer" lammers – word verwerp, is eensaam en deur die gemeenskap uitgestoot. Ons het angs, onsekerheid en onttrek onsself. Verwond en gebroke.

**MAAR**

In Jesus se trop is daar nie weggooilammers nie! Jesus is die Goeie Herder. Hy sorg vir ons. Hy hou ons naby Sy hart. Hy soek alle gebrokenes en verlorenes! Hy laat staan 99 skape om my, die een gebrokene, te soek. Ons Herder het ons innig lief.

Jesus, die goeie Herder se liefde verander mense se moedverlorenheid na doelgerigtheid, omdat die mens die Herder wat hom gered het se stem ken. Die stem wat hom liefhet.

Van verlore verwerpte "bummerlam" na geliefde lam wat bely: "die Here is my Herder ek kom niks kort nie" (Psalm 23:1).

*Mev Monica Beukes*
*Ingestuur deur*
*Wilco Beukes (3147)*



# Oupa vertel

Dear Editor,

Previously I submitted stories to you, which consisted of observations of all kinds of happenings in our estate. These you very kindly published in past editions of *Brokkies & Snippets*. Today I am submitting a letter. Although I am more at ease with Afrikaans, I shall comply with your editorial staff's request for more contributions in English. "Vroulief" is fluent in English and translated this letter for me. (*"**Vroulief – ek skryf net gou hier klaar .....**"*)

I became aware that some residents actually read my "Oupa Vertel" stories. Amongst these I am very proud to count the Chairman and the Ouma of "Kleinseun's" girlfriend. They indicated their disappointment when they were informed that I had suspended writing stories. I feel I owe them an explanation.

In one of my stories (*Brokkies & Snippets 2024/12*), I wrote how "Vroulief" and I, as a young married couple, made out behind the straw bales on the farm of my in-laws. I also indicated that the silent treatment I receive from "Vroulief" from time to time (mostly deserved - admittedly) can be remedied with the help of a few straw bales. The context should be clear to you – right?! (*"**Gee kans Vroulief – ek kom nou-nou .....**"*)



Where was I? Oh yes – the silent treatment! Pursuant to my story and the request for help from readers to cure "Vroulief's" ailment, I received a truck load of bales from an anonymous benefactor - for which I am eternally grateful (see photo). The bales served their purpose splendidly and "Vroulief" and I are on speaking terms again. In fact, our relationship couldn't be any better.


Our amorous activity behind the bales is, however, exhausting and each night after the news on TV, I am ready for bed. At my age I just do not have the energy to write stories at night anymore. (*"**Vroulief, amper klaar ...**"*)

Dear Editor, I trust that my loyal followers will understand my explanation and predicament and won't judge me too harshly.


May your esteemed publication go from strength to strength. Blessings for the new year to you and all donors of straw bales!

Kindest regards,

*Oupa*




Daar is wol beskikbaar by Doulien (huis 82) en Vicki (huis 160) vir die vlytiges. Ons brei of hekel blokke vir komberse of hele kniekomberse, mussies en serpe, asook teddies en speelgoed. Ons is ook op soek na vrywilligers wat kan help om die blokke aanmekaar te werk of te hekel vir kombersies. Baie dankie aan al die inwoners wat altyd bereid is om te brei en te hekel.



*Doulien Knopjes (3082)*

## Crossword Puzzle

[by Lulu Fisher (3292) - Solution on page 12]




**ACROSS:**

1 Bag carried on your back (8)
5 Engrave with acid (4)
9 Barrier (5)
10 Desist from (7)
11 In a self-satisfied manner (12)
14 Be in debt (3)
15 Expect (5)
16 Cereal plant (3)
17 Productive insight (12)
20 Pretended (7)
22 Mingle with something else (5)
23 Not knowing where one is (4)
24 Completely preoccupied with (8)

**DOWN:**

1 Widespread (4)
2 Imply as a condition (7)
3 Somnambulism (12)
4 Aggressive dog (3)
6 Browned bread (5)
7 Social insect (8)
8 Loving (12)
12 Embarrass (5)
13 Uncertain (8)
16 Ways of doing things (7)
18 Long poems derived from ancient tradition (5)
19 Chopped (wood) (4)
21 Give a nickname to (3)




"I could be a healthy person if you'd stop finding things wrong with me!"

*Sent in by*
*Ingrid Weinert (3201)*

## FRANNA

- Ek bied basiese opleiding en inligting aan in rekenaargeletterdheid.
- Wiskundeklasse vir alle grade op skool.
- Vervoer na winkels, dokters, besighede en lughawe. Ek sal ook saam met u wag tot nadat aankope gedoen is en behulpsaam wees met pakkies.
- Ek doen ook basiese hersteldienste by u aan huis bv. portrette en gordyne opsit, lekkende krane en los skroefies en werkies.

Skakel. 0810698320

## SUDOKU

(Oplossing op bladsy 20)
(Solution on page 20)

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 | 8 | 1 | | | 3 | 6 | | |
| 5 | 9 | 2 | 6 | 8 | 4 | | | 1 |
| | 6 | | | | | | | 5 |
| | 7 | | 2 | | 5 | 4 | | |
| 6 | | 5 | | | | 2 | | 7 |
| | | 4 | 3 | | 6 | | 8 | |
| 3 | | | | | | | 5 | |
| 1 | | | 5 | 9 | 2 | 7 | 3 | 8 |
| | | 7 | 4 | | | 1 | 2 | 6 |

*Lulu Fisher (3292)*

*Ons volgende Môremark vind plaas op*
***Saterdag, 7 Februarie 2026***
*Die daaropvolgende Môremark vind plaas op*
***Saterdag, 7 Maart 2026***

*Indien jy belangstel om jou produk/te by enige van die Môremarkte uit te stal, kontak gerus vroegtydig vir **Hennie Ackermann** (voor die 26ste van die voorafgaande maand) om jou tafel te bespreek:*

***3225** (Interne telefoon)*
***082 891 6404** (Selfoon)*
***Per e-pos** by:*
*hackermann192@gmail.com*

*Die koste is as volg:*
***R100 vir 'n lang tafel (1.8 m x 0.9 m )***
***R50 vir 'n kort tafel (0.9 m x 0.9 m)***
*Indien die lang tafels vol bespreek is, plaas ons 2 kort tafels teen mekaar.*

# Aardverwarming: Feit of fiksie



Aardverwarming is sedert die begin van die millennium baie hoog op in die agendas van vergaderings waar lande saamtrek om sake van gemeenskaplike belang te bespreek. Die onlangse vergadering van die G20-lande in Suid-Afrika was geen uitsondering nie.

Meeste van ons dink selde daaraan dat die manier hoe ons ons lewe elke dag inrig, bv. hoe en waar ons ons daaglikse werk verrig, hoe en waar ons ons vakansies geniet, sport beoefen of gewoon net as toeskouers daaraan deelneem, is baie nou verweef met heersende weerstoestande. Goeie weer laat ons toe om dinge te geniet, slegte weer demp soms die entoesiasme.

'n Mens moet versigtig wees om nie aardverwarming te verwar met weerstoestande op ons planeet nie. Weerstoestande verander voortdurend weens 'n kombinasie van natuurlike prosesse wat saamwerk in die aarde se atmosfeer. Die belangrikste dryfkrag agter hierdie veranderinge is natuurlik die son. Die son verhit die aarde ongelyk. Omdat die planeet rond is, ontvang die ewenaarstreke meer sonenergie as die pole. Hierdie temperatuurverskille veroorsaak grootskaalse lugbewegings: warm lug styg op en koel lug sak af. Dit lei dan tot die vorming van wind en grootskaalse lugdrukstelsels wat die weertoestand bepaal.

Terwyl die energie wat die aarde se atmosfeer aandryf en sorg dat dit nooit staties word nie van die son af kom, word die meganika van die weer gelei deur die beweging van hierdie groot volumes onsigbare vloeiende lug. Hierbenewens is ons planeet in konstante beweging met massiewe kontinente, reuse oseane en hoë berge wat gesamentlik daartoe lei dat die lug nie eweredig deur die son verhit word nie. Die gevolg is dat lug nie eweredig saamgepers of uitgestrek word nie en aanleiding gee tot hoë en lae atmosferiese druktoestande.

Bogenoemde geskied alles binne ons planeet se atmosfeer wat tot ongeveer 550 km die lug in strek. Die meeste van die atmosferiese aktiwiteite geskied egter in die onderste 30 km-laag. Dit is veral die subtropiese hoogdrukgordels wat Suider-Afrika se weer die sterkste beïnvloed. 'n Subtropiese hoogdrukstelsel is 'n breë sone van permanente hoë lugdruk wat ongeveer tussen die 25 en 35 suiderbreedte voorkom.

Die grootste gedeelte van Suid-Afrika se binneland lê hoofsaaklik in hierdie subtropiese sone, wat verklaar waarom ons oor die algemeen warm somers en matige tot koel winters ervaar. Dit bring droë, stabiele toestande mee en verklaar waarom groot dele van Suider-Afrika in die winter min of geen reën kry nie.

Die belangrikstes hoogdrukstels wat vir ons van belang is, is die volgende:

- Die Suid-Atlantiese hoogdrukstelsel is geleë wes van Suider-Afrika oor die Atlantiese Oseaan. Dit bring stabiele, droë lug en dra by tot droë toestande aan die weskus (bv. Namibië en die Noord-Kaap). Dit beïnvloed ook die Benguelastroom, wat koel seewater langs die kus veroorsaak.
- Die Suid-Indiese hoogdrukstelsel is geleë oos van Suider-Afrika oor die Indiese Oseaan. Dit bring warm, vogtige lug na die ooskus, wat reënval in KwaZulu-Natal asook die oostelike dele van Suid-Afrika bevorder.
- Die kontinentale (Kalahari) hoogdrukstesel ontwikkel veral in die winter oor die binneland. Dit veroorsaak koue, droë en helder toestande met ryp in sommige gebiede. Hierbenewens onderdruk dit wolkvorming en reënval in die wintermaande.

Aardverwarming beïnvloed bogenoemde subtropiese hoogdrukgordels wat Suider-Afrika op verskeie maniere raak, hoofsaaklik as gevolg van veranderinge in posisie, sterkte en gedrag van hierdie hoëdrukstelsels.

**Die impak van verskuiwing van posisie van die hoogdrukgordels**

Namate die aarde warmer word, skuif die subtropiese hoogdrukgordels geleidelik polewaarts (suidoos en suidwes) in die Suidelike Halfrond. Dit het die volgende impak op weertoestande in Suider-Afrika:

- Die Kalahari-hoogdrukgordel bly langer oor die binneland.
- Reënbringende stelsels bereik die land minder gereeld, veral in die winter.
- Dit lei tot meer en langer droogtes.

**Die impak wanneer hoëdruktoestande versterk**

Warmer globale temperature veroorsaak sterker en meer stabiele hoëdrukstelsels wat op sy beurt aan-

# Aardverwarming: Feit of fiksie (Vervolg)

leiding gee tot:

- Dalendende lug, wat wolkvorming onderdruk.
- Minder reënval oor groot dele van Suider-Afrika.
- Toename in hittegolwe en hoë maksimum temperature.
- Verandering in seisoenale reënval.

Met aardverwarming gebeur die volgende:

- Die somerreënseisoen kan later begin en vroeër eindig.
- Reën val meer onreëlmatig; minder reëndae, en soms intensiewer storms.
- Die risiko vir vloede en droogtes verhoog.

Aardverwarming beïnvloed ook oseaniese hoogdrukstels. So byvoorbeeld druk die Suid-Atlantiese hoogdrukstelsel droëer lug verder die binneland in, terwyl die Suid-Indiese hoogdrukstesel warmer en vogtiger lug meebring, maar dit lei nie altyd tot reën nie, veral as die hoëdruktoestande oorheers.

Soos hierbo genoem veroorsaak die langtermyn-impak van bogenoemde hoogdrukgordels meer uiterste weertoestande, terwyl dit ook lei tot verdere verdroging van semi-droë end droë gebiede. Dit plaas ook baie druk op waterbronne, landbou en natuurlike ekosisteme.

'n Direkte gevolg van aardverwarming is die stygende seevlakke. Volgens NASA- en NOAA-data het seevlakke reeds met ongeveer 3 millimeter per jaar gestyg en kan dit teen die einde van die eeu enige iets vanaf 0,6 tot 1 meter styg indien huidige emissietendense voortduur. Hierdie styging word veroorsaak deur termiese uitsetting van warmer water en die smelting van landgebaseerde ys — byvoorbeeld die Groenland-ysblad bevat genoeg water om seevlakke wêreldwyd met ongeveer 7,4 meter te laat styg indien dit volledig smelt

Wetenskaplike waarnemings wys dat die afgelope dekade die warmste ooit was en dat wêreldgemiddelde temperature nie net hoër is as vroeër nie, maar vir sommige jare selfs die 1,5°C-grens oorskry het wat in die Parys-ooreenkoms gestel is (AP News). Hierdie temperatuurstygings is meer as net 'n statistiek — selfs 'n blykbaar klein verhoging van 1°C tot 1,5°C het beduidende gevolge vir weerpatrone, biodiversiteit en natuurlike stelsels.

Terwyl ons dikwels hoor van die statistiese gevolge van aardverwarming, bly dit vir baie mense net 'n teoretiese konsep. Dit is egter die omgewings- en samelewingsimplikasies wat ons almal raak en wat nie langer geïgnoreer kan word nie. Daar is onder kundiges* min of meer konsensus dat die volgende die belangrikste is waarvan ons kennis moet neem:

- Ekstreme weer- en hittegolwe, langdurige droogtes, vloede en storms wat meer gereeld voorkom en met aansienlik meer intensiteit as gevolg van meer energie in die klimaatsisteem.
- Negatiewe effekte op ekosisteme – biodiversiteit, soos bv. koraalriwwe wat grootskaalse verbleking ondervind. (Ruim 80% van rifstelsels word reeds bedreig).
- Menslike gesondheid kom onder druk, hittestres en respiratoriese probleme saam met klimaatverwante siektes neem toe, veral in kwesbare bevolkingsareas.
- Ekonomiese koste en klimaatsverwante rampe kos reeds miljarde dollars met skade aan infrastruktuur, landbou en behuising.

**Ten slotte**

Aardverwarming is een van die mees dringende globale uitdagings van ons tyd. Die statistiese getalle dui op 'n wêreld in vinnige verandering – hoër temperature, rekord $CO_2$-vlakke, stygende seevlakke en meer ontwrigtende weer. Sonder drastiese vermindering in die emissie van koolstofgasse en versnelde omskakeling na hernubare energiebronne, sal hierdie tendense voortduur en verdergaande impak op menslike samelewings en natuurlike stelsels tot gevolg hê. Ekologiese en sosio-ekonomiese aanpassing, asook sterk internasionale samewerking sal noodsaaklik wees om die ergste van hierdie veranderinge te verminder.

Geen enkele persoon kan aardverwarming alleen stop nie, maar miljoene mense (insluitende ons hier in Bronberg Aftreeland-goed) wat klein, volhoubare keuses maak, kan die tempo daarvan beduidend vertraag en 'n beter toekoms vir komende geslagte verseker. Hier is 'n paar praktiese maniere waarop 'n mens die tempo van aardverwarming kan help vertraag.



***Verminder energieverbruik***

- Skakel ligte en elektriese toestelle af wanneer dit

## Aardverwarming: Feit of fiksie (Vervolg)

nie gebruik word nie. Miljoene liters fossielbrandstof word verbrand en stuur koolstofdioksied die atmosfeer in om ons huise se ligte aan te hou en die krane te laat loop.
- Gebruik energiedoeltreffende gloeilampe en toestelle.

***Gebruik hernubare energie waar moontlik***
- Installeer sonpanele en sonverwarmers vir water.
- Ondersteun energieleweransiers wat hernubare energie bevorder.

***Hou jou ekologiese spoor so klein as moontlik***
- Moenie rommel en afval strooi waar dit later die natuur se balans versteur nie.
- Oorweeg voertuie met laer brandstofverbruik of elektriese motors.

***Verminder, hergebruik en herwin***
- Koop minder plastiek- en weggooiprodukte.
- Herwin papier, glas, metaal en plastiek.
- Hergebruik items eerder as om nuwe produkte te koop.

***Plant en beskerm bome***
- Bome absorbeer koolstofdioksied en help om lugtemperature te verlaag.
- Beskerm natuurlike plantegroei.

***Skep bewusmaking***
- Praat met ander oor klimaatsverandering en volhoubare leefstyle.
- Ondersteun beleid en organisasies wat omgewingsbewaring bevorder.

*Jan Beukes (3316)*

*Bronne:
1. Science Tech Today.
2. Wikipedia.
3. John Earle: First field guide to Weather in Southern Africa, Struik uitgewers.

SEDER
CARE CONNECT
*When you can't be there, we are.*

**OPREGTE EN DEERNISVOLLE DIENS**

**Soos ons ouer word, word die behoefte aan hulp met takies groter, veral as mens nie vervoer het nie. Partymaal is ons gelukkig om kinders of vriende te hê wat kan help, maar baie seniors het nie sulke opsies nie. Dis waar ons inkom!**

**Ons netwerk van persoonlike assistente lewer die volgende dienste:**

- **Ons gaan saam om inkopies te doen (kos, klere, toebehore of swaar items soos water)**
- **Ons vergesel u na mediese afsprake**
- **Kuiergeleenthede saam met vriende**
- **Uitstappies van u keuse**
- **Hulp met belasting en ander administratiewe take**

066 201 1153

info@sedercareconnect.co.za
www.sedercareconnect.co.za







# Bronberg Retirement Estate

AIDA ESTABLISHED 1958
Everything we touch turns to sold

PROPERTIES WANTED
THINKING OF SELLING?
GIVE ME A CALL!!




## Houses for Sale


R2 210 000 - 1 Bed 1 Bath 1 Garage Pvt Garden
R2 950 000 - 3 Bed 2 Bath 2 Garages Solar
R3 100 000 - 3 Bed 2 Bath 2 Garages Solar

## Apartments for Sale

R1 100 000 - 2 Bed 1 Bath 1 Carport
R1 200 000 - 2 Bed 1 Bath 1 Carport - Under Offer
R1 350 000 - 2 Bed 1 Bath 1 Carport - (Ground floor) - Under Offer

## Rentals

R8 000pm - 1 Bed 1 Bath 1 Carport - Pending
R8 500pm - 2 Bed 1 Bath 1 Carport
R9 500pm - 2 Bed 1 Bath 1 Carport - Pending
R12 500pm - 2 Bed 1 Bath 1 Garage 1 Carport - Pending




Happy Valentines Month



SCAN ME



Kobus Potgieter
082 854 1727
kobus@aidapta.co.za
Registered with the PPRA

Happy VALENTINE'S DAY

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions
SCAN ME

Bronberg
Retirement Estate
# RENTALS & SALES

Contact us today if you would like to rent or buy at **Bronberg Retirement Estate!**

## PROPERTIES FOR SALE - ESTELLE: 060 015 9882

- Lovely 3 bedroom, 2 bathroom **house** with x1 garage & carport- **R2100 000**
- Cozy 2 bedroom, 1 bathroom **apartment**- **R1100 000**

## PROPERTIES TO LET - ESTELLE: 060 015 9882


- Spacious 1 bedroom, 1 bathroom **apartments** to rent from **R8500pm**
- Beautiful 2 bedroom, 1 bathroom **ground floor apartment** - **R9500pm**


# Let us care!

When reading the article on global warming, we realise that each and everyone of us can make a contribution to saving the planet by recycling materials. This can reduce the global footprint on the environment. **Global Recovering** is performing the recycling service for Bronberg Retirement Estate and states that: "**You are needed!"**, in terms of recycling. On Wednesday mornings when transparent recycle bags are put out for collection, it is clear that many residents heed this call. However, there is always room for improvement. Our residents are requested to recycle as far as possible. The recycling bags are provided free of charge. Please ensure that the recycled material is as clean as possible.










**PAPER - Recyclable:** Books, pamphlets, letters, newspapers, white - and coloured paper, magazines, office paper, catalogues, phonebooks, cardboard boxes (flattened).

- **Not recyclable:** Cardboard lined with plastic/waxed, small torn pieces of paper, toilet inner roll, egg holders, photos, hard file covers, wax paper, wrapping paper, tissue paper, charcoal-/cement-/dogfood bags

**GLASS - Recyclable:** Clean bottles, jars and other glass items.

- **Not recyclable:** Light bulbs, mirrors, window glass, ceramic and crystal, fluorescent tubes.

**METAL - Recyclable:** Clean beverage/aluminium- and food containers.

- **Not recyclable:** Paint- and motor oil cans.

**PLASTIC - Recyclable:** Clean plastics (numbers 1-7), food - and beverage containers, soap - and laundry

## Let us care! (Continued)

bottles, grocery - and retail bags, tetra packs

- **Not recyclable:** CD's, cassettes and printer cartridges, polystyrene.

*Philip Jacobs (3308)*

*Collated from a flyer of Global Recovery. Photos also from flyer.*



## Lede van die Sosiale Komitee

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wilco Beukes (Voors.) | 3147 | Desirée Morgan | 3017 |
| George Pearson | 1121 | Riana Ackermann | 3225 |
| Elsa Ferreira | 3305 | Hanna Kotze | 1227 |
| Doulien Knopjes | 3082 | Jakkie Beukes | 3147 |
| Hester Naudé | 3053 | Rita Smit | 3269 |
| Christa Roux | 3231 | Anna du Plessis | 3230 |
| Hennie Ackermann | 3225 | Esther Smit | 3237 |
| Estelle Fölscher | 3198 | Johan Fölscher | 3198 |
| Jan de Beer | 3116 | Vivien van Niekerk | 1141 |
| Albert Jacobs | 1239 | Renier Jansen van Rensburg | 3138 |
| Lianné Jansen Van Rensburg | 3138 | Nakkie Watkins | 1129 |
| Mariana Stanbury | 3090 | | |

***Kontak gerus een van hulle as julle voorstelle wil maak of hulp wil aanbied by die Môremark***




## Crossword solution (from page 5)

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 R | U | 2 C | K | 3 S | A | 4 C | K | | 5 E | 6 T | C | 7 H |
| I | | O | | L | | U | | 8 A | | O | | O |
| 9 F | E | N | C | E | | 10 R | E | F | R | A | I | N |
| E | | N | | E | | | | F | | S | | E |
| | 11 C | O | M | P | L | 12 A | C | E | N | T | L | Y |
| 13 D | | T | | W | | B | | C | | | | B |
| 14 O | W | E | | 15 A | W | A | I | T | | 16 R | Y | E |
| U | | | | L | | S | | I | | E | | E |
| 17 B | R | 18 E | A | K | T | H | R | O | U | G | H | |
| T | | P | | I | | | | N | | I | | 19 A |
| 20 F | E | I | G | N | E | 21 D | | 22 A | D | M | I | X |
| U | | C | | G | | U | | T | | E | | E |
| 23 L | O | S | T | | 24 O | B | S | E | S | S | E | D |

## Woordsoek

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| S | K | K | O | F | F | I | E | P | O | T | W | T | B |
| O | K | R | B | S | F | X | N | M | E | S | S | E | L |
| A | U | O | O | O | N | D | E | E | I | E | R | S | I |
| K | C | S | T | O | K | P | U | P | B | Z | L | S | K |
| L | E | V | T | T | S | S | T | Y | B | T | B | U | O |
| I | M | M | U | O | E | T | E | N | E | E | A | I | O |
| T | I | A | J | R | O | L | E | B | K | E | K | K | P |
| S | K | V | U | Y | K | M | G | R | E | X | K | E | M |
| E | R | X | I | C | K | E | P | O | R | L | E | R | A |
| R | O | R | A | S | P | E | R | O | E | R | S | P | K |
| V | G | T | I | W | H | Q | F | S | T | D | D | O | E |
| K | O | E | K | R | O | L | L | E | R | Z | X | T | R |
| F | L | J | C | C | T | O | P | W | A | S | B | A | K |
| B | F | Y | R | M | J | L | E | P | E | L | S | Y | M |

RASPER
MIKROGOLF
OPWASBAK
KOFFIEPOT
VURKE
BLIKOOPMAKER
EIERS
SKOTTELGOED
LEPELS
BEKER
SUKERPOT
TEE
NEUTE
STOOMPOT
OOND
ROOSTER

*Lulu Fisher (3292)*

## Mobility Aids for Bronberg Residents

Bert Knopjes (House 82), has a project to assist residents who need a wheelchair or walker for a shorter period of time.

These aids can be rented at a minimal cost and the income derived is used to repair equipment when necessary.

Wheelchairs R30/month or R10/week.
Walkers R10/month. Crutches R10/month.
Rental period: maximum 6 months.

Donations of mobility aids by people who are not using them any longer, will willingly be accepted, even if broken or incomplete.





## Meegevoel / Condolences

It has come to our attention that some of our residents have lost a loved one during the past few weeks. We wish to offer our sincere condolences. May you find peace and consolation and experience God's presence every day.

*Ons het van die verlies van 'n geliefde van enkele inwoners gedurende die afgelope paar weke verneem. Ons betuig hiermee ons opregte meegevoel. Mag u berusting vind en ons Vader u troos en dra in hierdie besonder moeilike tyd.*

*Redaksie/Editors*

Voel asseblief welkom om
Dienie Guthrie (3072), Sybil Basson (1104) of Corrie Naudé (3053)
te kontak indien u graag 'n versoek vir
voorbidding aan die Gebedsgroep wil rig

# Bronberg se Andante Kompetisiewenner!



*Elsabé Erasmus*

Elsabé Erasmus het verlede jaar by die Bronberg talentkonsert 'n sangitem gelewer. Die talentkonsert is deur die Sosiale Komitee aangebied en deur Anna du Plessis gekoördineer. Die konsert het gewys watter onontginde talent daar onder Bronberginwoners is.

Kort na die konsert het Anna vir Elsabé raakgeloop en vir Elsabé aangemoedig om aan die Andante 50+ talentkompetisie deel te neem. Elsabé, met Lourens se aanmoediging, het besluit om dit wel te doen.

Haar besluit oor watter lied sy vir deelname wil sing, is interessant. Tydens 'n besoek aan Griekeland in haar jonger dae, het sy en 'n vriendin die toerbus waarin hulle gereis het gestop om elkeen twee van die pragtige lemoene van die bome langs die pad te pluk. Die lemoene het net te lekker gelyk om verby te gaan! Op die bus het hulle die lemoene geskil en begin eet, tot die vermaak van die geamuseerde busbestuurder. Hulle het besef waarom sulke mooi lemoene langs die pad kon groei, sonder om te verdwyn – die smaak was glad nie wat hul verwag het nie. Die insident het Elsabé aangespoor om "Mooi Griekeland", van Sonja Herholdt, te sing. Die videogreep waarin sy die lied sing, is soos vereis deur die kompetisie, op selfoon opgeneem en ingeskryf.

Elsabé het musiek en onderwys aan die Potchefstroomse Universiteit gestudeer. In haar finale jaar het sy die sangbeurs van die Universiteit verwerf. Professor MC Rhoode het haar aangemoedig om oorsee te gaan sing, maar haar vader was nie ten gunste daarvan nie. Elsabé het haar passie vir musiek uitgeleef in die onderwys en was veral betrokke by skoolkore. Sy was in Nelspruit die Departementshoof vir Musiek en was ook verbonde aan die Hoërskool Carolina en Hoërskool Langenhoven in Pretoria.



*Elsabé en Lourens*

Groot was die verassing toe Elsabé meegedeel is dat sy as die wenner van die Andante 50+ in die sangkategorie aangewys is en ook tweede in die algehele posisie. Die toekenningsaand is by Buffelspoort aangebied. 'n Onderhoud met Elsabé is ook in die kykNET-program "Met 'n Huppel in die Stap" aangebied. Dit sal nog vir 'n tydlank op "CatchUp" gesien kan word.




*Die sertifikaat*

Elsabé en Lourens Erasmus het gedurende 2025 na Bronberg verhuis en sommer gou by aktiwiteite hier ingeskakel.

Hartlik geluk Elsabé: Leef jou droom!

*Philip Jacobs (3308)*

# Vrolike Oujaar



*Vlnr.: Ria, Elsa, Tobie, Edith, Ria, Willem, Len, Fred, Edu, Jan, Lizette, Magda. Hanlie, Susan en Jeannie (Jammer die kamera se lens was nie wyd genoeg nie!)*

Op Oujaarsaand van 2025, het inwoners van blokke 16 en 19 besluit om deel te wees van die feestelike tyd van die jaar. Wat is beter as 'n lekker braai, om lekker te gesels en 'n heerlike ete saam te geniet. Die meeste van die bloklede kon bywoon en die spyskaart is verdeel sodat elkeen presies geweet het wat om te bring. Die geleentheid het aan huis van Marietha en Fred Jonker plaasgevind.

So klok die feesgangers om 5 uur in. Die feestafel word al swaarder en swaarder gelaai. Uithaalgeregte word uitgepak – dit spreek van jare en jare se ervare kokke. Glo baie van die resepte kom iewers uit die voorgeslagte.

'n Toespraak word gelewer, dit is mos 'n "grand" funksie. Ou inwoners en nuwe inwoners, soos Jan en Jeannie Beukes (316) en Rentia Bonthuys (311), word verwelkom. Soos gebruiklik, word die tafelgebed gedoen. Glasies word gelig op 'n geseënde 2026 en op goeie vriendskap vir 2026.

Die gesels begin, die braaiers koek soos 'n klomp heuningbye om die braaier.

So duur die lekker eet en gesels tot laat aand.

Wat 'n wonderlike manier om 2025 af te sluit en 2026 te begin!

*Tobie de Wet (3313)*



*Braaiers, raadgewers en fynproewers*

# Hunkering
(O, my siel, wat is jy onrustig in my ...)

Nabetragting laat my vermoed dat
dit een van my idiosinkrasieë is
– miskien ook nie,
want ons individueel-menslike verskille ten spyt,
kom ons tegelyk as mense immers baie ooreen:

Reën op 'n sinkdak is altyd soos
musiek in my ore, maar
wanneer die son helder oordag verdwyn,
in die plek daarvan staalgrys lug  dae lank verskyn,
word dit onrustig in my.

'n Melancholiese stemming verrys in my gemoed,
daarmee saam 'n vreemde hunkering:

Waarskynlik as teenvoeter teen verdonkering,
monochrome skakerings van grys dag daarbuite,
ontspring 'n skielike
smagting na
'kleur' en 'geur'.

Vir my, het ek ontdek,
is daar geen beter verheldering as
die mooi, strelende klank en kleur
van musiek nie.

Volgens eie aard en belangstelling
is daar hedendaags
letterlik diskoteke vol duisende komposisies
vir stem, instrument, orkes
geredelik tot elkeen se beskikking.

Vir liefhebbers van sowel klassieke as ligter musiek
is daar 'n baie wye keuse uit
die wonderlike komposisies van
komponiste – te veel om hier te lys.

[Met veel huiwering noem ek 'n paar waaraan
ek skielik dink, want daar is bepaald
talle ander 'beter' voorbeelde.
Elkeen sal ongetwyfeld 'n eie lys kan saamstel.]

Luister bietjie byvoorbeeld (sonder orde van
voorkeur):
Hoe sag, idillies, die pragtige (en kragtige) stem van
Erica Eloff en klavierbegeleiding van Mark Nixon
(ons eie uitvoerende en uitgevoerde puik
kunstenaars)
die donkerte van ons geestesinnerlike
in hul fraaie interpretasie van
Zdes' khoroso ('Hoe lieflik is dit hier'),
Rachmaninoff se opus 21, nr. 7, belig

of dieselfde werk met die
teer tjellospel van Yo-Yo Ma,
simpatiek op klavier begelei
deur Kathryn Stott.
Alte lieflik is dit om na Claude Debussy se
arabeske en ander *klankryke* stukke te luister, of
Liszt se 'O lieb, so lang du lieben
kannst' (Liebestraum).

Hoe aaiend vir die siel is dit tog om na die werk van
Antonín Dvořák, 'Liedere wat my moeder my geleer
het',
of Maurice Ravel se  meesterlike
'Pavane vir 'n gestorwe prinses'
(1899 vir soloklavier, 1910 vir orkes verwerk)
te luister.

Uit ons eie Afrikaanse liedereskat
kan so baie ons tot troos en versterking dien.
Luister weer 'n keer na die wonderskone
gedig deur A.G. Visser 'Die Roos',
pragtig getoonset deur S. le Roux Marais,
en van sy ander komposisies;
na soveel pragtig getoonsette gedigte
en die uitvoering daarvan in ons eie taal
deur ons eie kunstenaars.

Wanneer *duisternis in enige vorm* ons wil oorval,
is skatkamers vol musiek,
in allerlei genres, volgens persoonlike keuse,
geredelik tot die meeste van ons se beskikking om
*sagtheid* en *kleur* en *helderheid* en nuwe *hoop*
aan ons lewens te bring.


Kom tot stilstand,
word rustig,
LUISTER,
laat die muse van musiek jou gees binnedring,
*belééf*, *vóél* die reële omskepping in jou gemoed.

Naskrif: Lees gerus Koos Human se
*Die A tot Z van Klassieke Musiek*. Kaapstad, Pretoria:
Human en Rousseau (1992, my eksemplaar Tweede
uitgawe 2005).

*Stephanus van Wyk (3066)*

| Blok | Eenhede in blok |
|---|---|
| 1 | 55-77 (23) |
| 2 | 35-54 (20) |
| 3 | 19-34 (19) |
| 4 | 1-18 (18) |
| 5 | 92-99, 118-120 (11) |
| 6 | 100-117 (17) |
| 7 | 79-91, 121-125 (18) |
| 8 | 126-145 (20) |
| 9 | 146-163, 165, 189-193 (24) |
| 10 | 164, 166-177, 180-181, 183, 185-187, 209-210 (20) |
| 11 | 178, 179, 182, 184, 186, 188, 194-208 (21) |
| 12 | 78, 211-213, 215-224, 240, 241 (16) |
| 13 | 234-239, 242-253 (18) |
| 14 | 225-233, 254-258 (14) |
| 15 | 317-333 (17) |
| 16 | 306-316 (11) |
| 17 | 267-279 (13) |
| 18 | 280-288 (9) |
| 19 | 297-305 (9) |
| 20 | 259-266, 289-296 (16) |

☆ **Nood Versamelpunte Huise**





BRONBERG
RETIREMENT ESTATE
AFTREELANDGOED


## Assistance to people affected by the recent floods



The Rotary Club of Pretoria East, with the assistance of Dr Wilma Lotter, was able to collect clothes and knitted items from Bronberg-, Montana-, and Fleurenville Retirement Villages to be delivered to Peter's Transport. These items will be distributed by the Rotary Club of White River to assist people in need after the floods.

*Doulien Knopjes (3082)*



*Happy Birthday to all who celebrate their birthdays in February. Blessings from all of us.*

*Hartlike gelukwense aan elkeen wat in Februariemaand gebore is. Seën-wense van ons almal.*

**On Thursday mornings at 10:00, Doulien will collect items for charity at Reception. Items and wool may also be delivered at house 82 at any time.**

## Midmar Mile 2026




**We're wishing our Bronberg swimmers all of the best for the race during the weekend of 7-8 February**


# *Dinsdag 17 Februarie 2026 @ 14:00, Mandoliensaal*







## KUBERMISDAAD
## HOE BESKERM EK MYSELF ??



*Kom luister na*
***Petrus du Plessis, voormalige polisieman,***



*wat ons meer gaan vertel oor*

***"<u>Finansiële veiligheid aanlyn</u>"***


***Gratis toegang***

## Sudoku Oplossing / Solution

(van bladsy 2 / from page 2)

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 | 8 | 1 | 7 | 5 | 3 | 6 | 9 | 2 |
| 5 | 9 | 2 | 6 | 8 | 4 | 3 | 7 | 1 |
| 7 | 6 | 3 | 9 | 2 | 1 | 8 | 4 | 5 |
| 8 | 7 | 9 | 2 | 1 | 5 | 4 | 6 | 3 |
| 6 | 3 | 5 | 8 | 4 | 9 | 2 | 1 | 7 |
| 2 | 1 | 4 | 3 | 7 | 6 | 5 | 8 | 9 |
| 3 | 2 | 8 | 1 | 6 | 7 | 9 | 5 | 4 |
| 1 | 4 | 6 | 5 | 9 | 2 | 7 | 3 | 8 |
| 9 | 5 | 7 | 4 | 3 | 8 | 1 | 2 | 6 |

*Lulu Fisher (3292)*




## Know each other!

After moving to Bronberg, you will quickly notice that people living here tend to get to know each other easily. This is especially true in respect of one's immediate neighbours. At estate events, you often meet residents you have never seen before.

The Estate is huge and it is wonderful to make friends — not only amongst neighbours. The Social Committee also facilitates meaningful interaction among residents.

Elmarié Mouton proposed a way to help people get acquainted.

Elmarié can arrange for the making of name tags. The tags may subsequently be worn at Bronberg social events. The tag is firmly fastened using a strong magnet. (The picture below is just an example of what it might look like — Elmarié will communicate the exact format of the name tag at a later stage).

Elmarié can order a tag with your name at a cost of R40.00 per tag. If an order is placed for 400 tags or more, the price per tag decreases to R34.00.

If there is interest in obtaining such a tag, please contact Elmarié at 3070 or on 082 414 5842.

*Philip Jacobs (3308)*




## 'n Woordjie aan ons Adverteerders

Die plasing van advertensies in die blad is onontbeerlik ten einde die publikasie daarvan te bemoontlik. Ons bedank adverteerders hartlik en nooi ander toepaslike sake-ondernemings en privaat praktisyns in die gebied Bronberg, Olympus, ens., uit om in *Bronberg-Brokkies & Snippets* te adverteer. Ons maandelikse nuusbrief word deur meer as 600 mense in ons oord, Bronberg Aftreelandgoed gelees!

Nader asseblief vir *Lulu Fisher* per e-pos *(luluf@mweb.co.za)* vir verdere inligting rakende die verskillende opsies en koste om 'n advertensie te plaas.

*Redaksie*

# Ek móés die deel… so mooi en my hart só aangeraak

"My naam is Alice. Ek is 84.
Ek was vir 50 jaar 'n haarstilis. My hande het elke knoop, elke krul, elke traan geken. Maar toe my man sterf, het ek opgehou om mense aan te raak. Dit het gevoel asof my hande vergeet het hoe om sag te wees.

Een Dinsdag het ek na die gemeenskapsentrum gegaan vir hul gratis middagete. Nie omdat ek kos nodig gehad het nie – ek het my pensioen gehad – maar omdat die stilte by die huis my van binne af opgeëet het. Ek het by 'n hoektafel gaan sit en aan sop geroer wat ek nie wou eet nie. Dis toe dat ek háár sien.

'n Ouer vrou, seker so 90, by die volgende tafel. Sy het probeer om 'n lepel vas te hou. Haar hande het gebewe soos blare in 'n storm. Sop oral gemors. Sy het nie gehuil nie – net na haar hande gestaar, asof hulle haar verraai het.

Ek het daardie kyk geken. My man het Parkinson se siekte gehad. Dieselfde bewing. Dieselfde skaamte.

Ek het nie gedink nie. Ek het net opgestaan. Na haar toe geloop. Langs haar gaan sit. Haar hande in myne geneem. Nie om dit reg te maak nie – net om dit vas te hou. Warm. Stewig. Soos ek my kliënte se hande vasgehou het wanneer hulle bang was vir die skêr.

'*Jou hande onthou*,' het ek gefluister. '*Hulle het net hulp nodig om weer te onthou*.'

Ek het haar kneukels met my duime gevryf. Soos ek vroeër seer skouers gevryf het. Stadig. Ritmies. Ná 'n minuut het sy opgehou bewe. Sy het diep asemgehaal en haar sop geëet.

Die volgende week het ek my ou manikuurstel gebring. Nie vir naels nie – net vir aanraking. Ek het stywe vingers gemasseer. Sopvlekke van ken gevryf. Hande vasgehou tydens middagete.

Mense het begin na my toe kom.
'n Man met artritis sê: '*My vrou het my gelos. Hierdie hande... ek kan nie meer hemde toeknoop nie*.'
'n Weduwee sê: '*My kleinkinders hou nie van my hande nie – hulle sê dis koud*.'
Ek het gesê: '*Koue hande hou die warmste harte vas. Kom ons maak hulle warm*.'

Ek het nooit geld gevra nie. Net een ding gevra:
'*As jy weggaan, hou iemand anders se hand vir 10 sekondes vas. Net 10*.'

Toe kom Tom – 87. 'n Oud-soldaat. Het nooit gepraat nie. Het elke week gekom. Ek het sy littekenhande gemasseer. Een dag het hy gefluister:
'*Ek het my dogter se hand vasgehou tydens die oorlog. Nou... het ek vergeet hoe*.'

Laas maand het Tom sy agterkleindogter gebring. 'n Klein dingetjie van vier jaar oud. Hy het haar op sy skoot gesit. Haar klein hand in sy bewerige een gehou. Vir 10 sekondes. Toe 20. Toe 'n hele minuut. Die meisietjie het nie haar hand teruggetrek nie. Sy het net sy kneukels sag gestreel.

Daardie oomblik…
Tom het na my gekyk met trane in sy oë.
'*Sy het nie weggeloop nie*,' het hy gesê.

Nou is die gemeenskapsentrum anders.
Mense hou mekaar se hande vas terwyl hulle vir koffie wag.
Help mekaar om op te staan.
10 sekondes se aanraking – dis al wat dit vat.

My hande bewe nie meer nie. Hulle is te besig om te hou wat gebreek is.

Die waarheid?
Eensaamheid gaan nie oor om alleen te wees nie.
Dis om te vergeet hoe om vas te hou.

So hou vas.
Vir 10 sekondes.
Vir 'n leeftyd.
Jy weet nooit wie se hart jy dalk genees nie."

Laat hierdie verhaal nog baie harte aanraak...

*Deur Mary Nelson*
*Ingestuur deur*
*Jan de Beer (3116)*



U word uitgenooi na 'n Valentynskonsert
deur Marietjie du Plessis
op 12 Februarie 2026
in die eetsaal om 15:00.
Kaartjies is beskikbaar by lede
van die Sosiale Komitee
@ R50 per persoon.




You are invited to a
Valentine's Concert
by Marietjie du Plessis
on 12 February 2026 @ 15:00
in the dining room.
Tickets available from
members of the Social Committee
at R50 per person.


## MORNING MARKET
7 February - 9:00





## MÔREMARK
7 Februarie - 9:00













TEETUIN: Slegs kontant
TEA GARDEN: Cash only






## Môremark
Saterdag 7 Februarie om 9:00

*Skenk asb. u wit olifante vir die Môremark.*
*Klere, gordyne ens. is ook welkom.*

*Skenkings kan by die eetsaal afgegee word*
*op Vrydag 6 Februarie om 14:30.*

## Morning market
Saturday 7 February at 9:00

*Please donate items that you no longer*
*use to the morning market.*
*Clothes, curtains etc. are also welcome.*

*Donations can be delivered to the*
*dining room from 14:30*
*on Friday 6 February.*

VIVA Spreekwoorde

## Uit iemand se koker kom.

Van iemand afkomstig;
deur iemand uitgedink
of ingegee.

**Die woord "koker" verwys na 'n pylkoker*
*('n silindriese/buisvormige houer)*
*waaruit pyle vroeër getrek en geskiet is.*

***Die uitdrukking kan ook negatief gebruik word:*
***"Dit het nie uit sy koker gekom nie"***
*'dit is nie van hom afkomstig nie';*
*'dit is nie deur hom uitgedink nie'.*

Bron(ne): Spreekwoorde en ander segwyses; WAT

# Kom deel 'n maklike resep met ons lesers / Share an easy recipe with our readers

Deel jou getoetste resep met ons lesers — stuur jou resep (saam met 'n foto van die voltooide produk) per e-pos na luluf@mweb.co.za
/
Share your tested recipe with our readers — send your recipe (together with a photograph of the finished product) by e-mail to luluf@mweb.co.za

## Broodjies saam met braaivleis



**Bestanddele:**

- Bruinsuiker
- 1 x Sakkie gekoopte brooddeeg
- Knoffel ("crushed garlic")
- 2 Koppies gerasperde kaas
- 250 ml Room

**Metode:**

1. Strooi bruinsuiker onder in 'n groot oondvaste bak (of pan) [dit moet 'n deksel hê — en maak seker jou bak is diep genoeg; dit moet nie meer as halfpad (in hoogte) gevul word nie, aangesien die rolletjies hoog rys].
2. Strooi een koppie gerasperde kaas oor die bruinsuiker.
3. Rol brooddeeg in klein balletjies en pak in die oondskottel, met knoffel tussen die balletjies.
4. Strooi bruinsuiker oor die deeg balletjies.
5. Strooi een koppie gerasperde kaas bo-oor.
6. Gooi die room egalig bo-oor.
7. Bak teen 180°C vir 45 minute met die deksel op.
8. Haal die deksel af en bak vir 'n verdere 15 minute. Hou dop dat dit nie brand nie.

*Bron: Facebook (Flippen Lekker Braai Resepte Boeke: Watertand Resepte)*

*(Ingestuur deur*
*Lulu Fisher (3292)*

REDAKSIE / EDITORS

**Koördineerder / Coordinator:**

Alan Snyman (1339)
E-pos / E-mail:
alansnyman459@gmail.com

**Redakteur / Editor:**

Philip Jacobs (3308)
E-pos / E-mail:
ghaitshi@gmail.com

**Engelse taalversorging / Editor English:**

Steph McFarlane (3140)
E-pos / E-mail:
lawrie.steph@gmail.com

**Samestelling en Uitleg / Compilation and Layout:**

Lulu Fisher (3292)
E-pos / E-mail:
luluf@mweb.co.za

**Medewerkers / Co-workers:**

Maretha van Heerden (3136)
E-pos / E-mail:
maretho.mvh@gmail.com

Jan Beukes (3316)
janharm45@gmail.com

Alle artikels vir die volgende nuusbrief moet, verkieslik, op die laatste teen die 18de dag van die voorafgaande maand by die Redakteur ingehandig word, om te verseker dat dit betyds nagegaan/gekeur en verwerk kan word.

---

In order to check/ approve and process articles in time for the next newsletter, it should, preferably, be submitted to the Editor by no later than the 18th day of the preceding month.

# Weeklikse Aktiwiteite / Weekly Activities

| Dag / Day | Vroegoggend / Early Morning | Midoggend / Mid-Morning | Namiddag / Afternoon |
|---|---|---|---|
| Sondag / Sunday | 9:00 Kerkdiens / Church Service | | |
| Maandag / Monday | 9:00 Lyndansklas In Mandoliensaal / Line dancing class In Mandolin Hall (Beginners) | 10:30 Pilatesoefeninge in die Mandolien-saal / Pilates Exercises in the Mandolin hall | 14:00 *16 Februarie* Bybelstudie in Mandoliensaal / Bible study in Mandolin Hall<br><br>16:00 Sit & Fit in Mandoliensaal / Mandolin hall |
| Dinsdag / Tuesday | 08:15 CareVita#fit Exercise classes in Mandolin hall | 10:00 Bybelstudie in Mandoliensaal<br><br>10:00 Wateraërobatiek in die swembad / Water aerobics In the pool | 14:00 Rummikub in "Games Room", Block A, 1st floor, next to the Laundry<br><br>14:00 *17 Februarie* Maatskaplike werker praatjie in Mandolien-saal / Social Worker talk In Mandolin hall |
| Woensdag / Wednesday | 9:00 Bussie na Woodlands Inkopiesentrum / Bus to Woodlands Mall<br><br>9:00 Kerkdiens / Church Service | | |
| Donderdag / Thursday | 8:00 Sit & Fit in Mandoliensaal / Mandolin hall | 10:30 Lyndansklas (gevorderd) in Mandoliensaal / Line dancing class (advanced) in Mandolin hall<br><br>10:00 Wateraërobatiek In die Swembad / Water Aerobics in the Pool | 13:30 Handwerkgroep by Biblioteek / Handwork Group at Library<br><br>14:00 Rummikub in "Games Room", Block A, 1st floor, next to the Laundry |
| Vrydag / Friday | 08:15 CareVita#fit Exercise classes in Mandolin hall<br><br>09:00 Bussie na Olympus Checkers / Bus to Olympus Checkers | | 14:30 Bingo in dining room |